AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Beste Graad 12-leerder

In hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied asook op grammatika.

Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- 'n Taalhandboek
- Voorgeskrewe boeke (enige twee genres: Roman/ Drama/ Kortverhale/ Gedigte)
- Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- 'n Tweetalige woordeboek

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

Leesbegrip en Opsomming

- Interpretasie van visuele tekste .
- Leesbegripstrategieë
- Lees om woorde, sinne en paragrawe te verstaan
- Kritiese taalbewustheid
- Soek- en vluglees hoofidees
- Onderskei tussen hoof- en ondersteunende idees
- Skryf hoofidees in jou eie woorde

Taal in konteks

- Die betekenis van pre- en postmorfeme
- Hoe om 'n woord se stam uit te ken
- Woordsoorte, bv. die verskil tussen die
- voornaamwoorde **wie** en **wat**
- Intensiewe vorme
- Meervouds-, verkleiningsvorme en geslag
- Woordorde, veral by die gebruik van voegwoorde en die infinitief
- Lydende vorm en ontkennende vorm
- Direkte en Indirekte rede
- Denotasie, konnotasie, geïmpliseerde betekenis en stereotipering, gevoelstaal, oorredingstaal en manipulerende taal

Letterkunde

Jy moet kontekstuele vrae beantwoord. Jy sal twee van die volgende genres bestudeer en daaroor geëksamineer word:

Poësie (10 gedigte)

- Woordbetekenisse
- Verstegniese middele: uitkenning en funksies
- Uiterlike en innerlike bou van gedigte; soort gedig
- Versreël- en strofebou
- Rym, halfrym en herhaling
- Titel, tema en boodskap
- Beeldspraak en stylfigure

Roman / Kortverhale (8 verhale)

- Die inhoud van die boek/verhaal
- Intrige en subintrige
- Karakterisering
- Konflik
- Verteller, ruimte en tyd
- Ironie
- Tema en boodskap

Drama

Al die aspekte by die Roman en Kortverhale asook:

- Dramatiese ironie
- Verhoog- en toneelaanwysings
- Handeling, tyd en dialoog
- Beeldspraak
- Die struktuur van die drama

Skryfwerk

- **Opstelle**: Verhalend, Beskrywend, Verklarend, Argumenterend, Bespiegelend, Beredenerend
- **Langer transaksionele tekste**: Curriculum Vitae/ Redaksionele kommentaar/ Brosjures/ Onderhoude/ Dialoë/ Brief aan die pers/ Formele briewe/ sakebrief/ Vriendskaplike briewe/ Tydskrifartikels en -rubrieke/ Memoranda/ Agendas en notules/ Koerantartikels en -rubrieke/ Huldeblyke/ Verslae/ Resensies/ Toesprake
- **Korter tekste**: Advertensie / Dagboekinskrywing / Poskaart / Uitnodigingskaartjie (en antwoord) / Invul van vorms / Instruksies / Aanwysings / Huldeblyk / Plakkaat / Strooibiljet (pamflet) / E-pos

Assessering

Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:

- 1 toets: **40 punte**
- 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) (halfjaar /toets en Voorbereidend / toets): **250 punte elk**
- 3 skyftake (opstel, lang en kort transaksionele tekste): **100 punte**
- 1 Letterkundetaak: **35 punte**
- **Totaal: 725 ÷ 7,25** **100 punte**

Die eksterne eksamen bestaan uit 4 vraestelle:

- **Vraestel 1**: Begrip, Opsomming en Taal: **80 punte**
- **Vraestel 2**: Literatuur (enige twee uit: Digkuns, Roman, Drama en Kortverhale): **70 punte**
- **Vraestel 3**: Skryf (Opstelle, Lang en Kort transaksionele tekste): **100 punte**
- **Vraestel 4:** Mondeling **50 punte**
- **Totaal** **300 punte**

Wenke vir sukses

- Lees gereeld boeke, berigte, artikels, resensies en spotprente in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- Lees elke dag ten minste 800 woorde en skryf ten minste 300 woorde in Afrikaans.
- Vra jou onderwyser vir 'n bestek van die Graad 12-inhoud. Dit sal jou 'n volledige oorsig van die inhoud gee. Plak dit in jou oefenboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die ooreenstemmende bladsynommers uit die handboek langs die onderwerp neer.

Telematiese Video's
https://qrgo.page.link/GarAs